

# God se redding laat mense sing!

**Skrifgedeelte: Eksodus 15:1-13**

**Fokusgedeelte: Eksodus 15:8**

'n Volk wat die magtige verlossingsdaad van God beleef het, kan nie anders nie, hulle sing van dankbaarheid!

In Eksodus 14 het die volk Israel hom in die moeder van alle doodloopstrate bevind. Ons ken die verhaal so goed. Agter die Israeliëte kom die Egiptenaars aangejaag, waarskynlik in 'n halfmaanposisie versprei, gereed om aan te val. 'n Skrikwekkende gesig: 600 van die farao se beste strydwaens, asook al die ander Egiptiese strydwaens, elkeen met 'n bemanning van drie (Eks. 14:7). Vóór die Israeliëte lê die see met sy skuimende watermassa. Hulle is vasgevang, skaakmat. Dis 'n hopelose situasie.

Dan sê die Here vir Moses: "Lig jou kiere op ..." (Eks. 14:16). En dan volg die een groot verlossingsdaad van God in die Ou

Testament. As Israel sien hoe kragtig die Here teen Egipte opgetree het, kom die lied van Eksodus 15 spontaan oor hulle lippe: "Ek wil tot eer van die Here sing ..." Dis Hy wat die water soos 'n muur laat staan het! Dis Hy wat die watermassas laat stol het (vs 8)!

Hierdie verlossingsdaad kry sy volle betekenis as Jesus Christus aarde toe kom en deur sy kruisdood en opstanding sy volk uit die slawerny van die sonde uitlei, ons uit die kloue van die dood verlos!

Hoe kan ons dan anders? Ons moet steeds van dankbaarheid sing!



Publikasie  
Publication



Nr./No.: P18